STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 69- 2021 • EDITION 69- 2021

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***Die verandering in seisoene gebeur altyd so geleidelik, dat wanneer jy opkyk na die bome besef jy net een oggend die wêreld lyk skielik weer anders. Die Boland se groen lushof is geleidelik besig om te verander in 'n sprokiesagtige versameling van rooi, bruin, oranje, geel en selfs skakerings van pers. Ons seisoene is die een ding wat ongesteurd voortgaan ten spyte van die uitdagings wat die COVID-19 pandemie steeds aan ons stel.***

**COVID**

Ek kan nou nie anders as om terug te dink aan dieselfde tyd verlede jaar toe ons almal vasgekeer was in ons huise en ons nêrens heen kon gaan nie. Dis presies 'n jaar later, en alhoewel ons lewens nog nie 100% terug na normaal is nie, het dinge aansienlik verbeter, en word entstowwe stelselmatig versprei. Die wa is egter nog nie deur die drif nie en daarom vra ek weer dat elke inwoner sy/haar bes sal doen om die COVID protokolle te gehoorsaam.

Dra u masker in openbare spasies, winkels en daar waar baie mense beweeg. Was/reinig gereeld u hande met seep of 'n alkohol gebaseerde reiniger. Behou die nodige afstand van persone wat nie in u huishouding is nie, en probeer sover as moontlik groot samekomste vermei. Dit is so belangrik dat ons nou 'n derde vlaag probeer voorkom, veral met die naderende wintermaande. Ek moet ook baie dankie sê vir almal se samewerking tot dusver. Dit was 'n baie moeilike jaar, maar u ondersteuning en samewerking gedurende

Dear Residents,

***The seasons always change so gradually, that one day you look up and the entire world suddenly looks different. The lush green surroundings of the Boland is slowly changing into an incredibly beautiful tapestry of red, brown, orange, gold and even purple. Our seasons are the one thing that continues its cycle unhindered despite the challenges that the COVID-19 pandemic still present.***

**COVID**

It is impossible for me not to think back and remember this time last year when we were all confined to our homes and were not allowed to go anywhere. It is exactly a year later and although our lives have not yet entirely returned to normal, things have improved significantly and vaccines are slowly but surely being distributed. We are however, not out of the woods yet and I therefore want to urge every resident to continue to do your best and adhere to all COVID protocols.

Wear your mask in public spaces, shops and where large numbers of people are present. Wash/sanitize your hand regularly with soap or an alcohol based sanitizer. Keep a safe social distance from people who are not in your household and try to avoid crowds and gatherings as much as possible. It is important that we try to avoid a third wave considering the approaching winter months as well. My sincere thanks to all residents who have given their cooperation thus far. It has been a difficult year, but your support and cooperation during this time, made every day a bit



*UitvoerendeBurgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**Let's Fix It**

**Please report all** water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:

**Stellenbosch / Klapmuts / Kayamandi / Jamestown / Raithby**
021 808 8215 / 8953 / 8343

**Dwarsrivier Region / Franschhoek**
021 808 8632

**AFTER HOURS FOR ALL REGIONS**
021 808 8890 / 8891

Alternatively, send an email to engineering.services@stellenbosch.gov.za or ***WhatsApp*** us on **0769510768**

**If we don't know about it, we cannot fix it!**

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

die tyd, het elke dag ‘n bietjie makliker gemaak.

**Elektrisiteit**

In my vorige nuusbrief het ek u vertel van ons planne om te kyk of dit moontlik sal wees vir Stellenbosch Munisipaliteit om meer elektrisiteitsonafhanklik te wees, en so hopelik van beurtkrag ontslae te raak. Ons kry steeds baie navrae hieroor en ek wil u gerus uitnooi om enige vrae aan ons Direkteur van Infrastruktuur te stuur. Mnr Deon Louw is ‘n gerekende en ervare ingenieur en sal help waar hy kan. U kan hom kontak via e-pos by Deon.Louw@stellenbosch.gov.za.

Baie van die vrae wat ons ontvang is ook vrae waarop ons self groter duidelikheid soek. Dit is dan juis waarom ons ‘n wetenskaplike ondersoek doen na die proses, sodat ons nie tyd en hulpbronne mors nie. Dit is ongelooflik opwindend vir ons, maar nie iets wat ligtelik opgeneem of oorhaastig aangepak moet word nie.

Ons het gevolglik ŉ memorandum van verstandhouding geteken saam met ons vennote by die Universiteit van Stellenbosch asook die Sentrum vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing (CSIR).

Die memorandum stipuleer die rolle en verantwoordelikhede van elke party en die omvang van die ondersoek wat gedoen gaan word. Die ondersoek sal staatmaak op die intellektuele kapitaal van die Universiteit en die CSIR asook die infrastruktuur van die munisipaliteit om die energiebehoeftes van ons gemeenskappe te bepaal met die verstandhouding dat alle partye op ‘n nie partydige wyse saamwerk met besighede, industrieë, nie-regeringsorganisasies en die gemeenskapsorganisasies om moontlike oplossings vir volhoubare energie te ontwikkel.

‘n Aparte memorandum sal later met die Wes-Kaapse regering gesluit word om hulle onafhanklikheid te behou wanneer dit kom by verkryging van dienste en ooreenkomste. Ons Premier, Alan Winde is saam met ons opgewonde en ondersteun ons ten volle.

U kan staatmaak daarop dat ons u deurlopend op hoogte hou sodat u nooit voel dat die proses nie deursigtig is nie. Baie dankie vir u geweldige belangstelling en positiewe terugvoer op die aankondiging. Dit is lekker om te weet ons inwoners staan agter ons!

**Begroting en GOP**

Dit is weer begrotingtyd! Aan die einde van Maart het ek die konsepbegroting vir die volgende finansiële wat strek vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022, aan die Raad voorgehou. Ons werk hierdie jaar met ‘n baie stywe belt en elke sent gaan twee keer omgedraai word voor ons dit spandeer om seker te maak dit word gedoen in die beste belang van ons inwoners. Al ons toelaes en gelde van Nasionale en Provinsiale bronne is met 30% ingekort en dit het nogal ŉ reuse impak op ons projekte.

easier.

**Electricity**

In my previous newsletter I told you about our plans to see if it would at all be possible for Stellenbosch Municipality to become more energy independent and, in doing so, put a stop to loadshedding. We still get many questions about this and I want to invite you to please send any queries to our Director of Infrastructure Services, Mr. Deon Louw. He is an experienced and knowledgeable engineer and will help where he can. You can send an email to Deon.Louw@stellenbosch.gov.za.

Many of the questions we receive are also questions we ourselves are seeking more clarity on. That is exactly why we are conducting a scientific investigation into this process, so that we don’t waste time and resources on proposals that are not viable and sustainable. This is incredible exciting for us, but definitely not something we take lightly or want to rush into.

Consequently, we have signed a memorandum of understanding with our partners at the University of Stellenbosch as well as the Centre for Scientific and Industrial Research (CSIR).

The document sets out the roles of each party and the scope of the investigation. The investigation will draw on the extensive intellectual capital of the Stellenbosch University and the CSIR as well as the civic infrastructure of the municipality to address the energy developmental needs of our communities. In terms of the MOU, all parties will work in a non-partisan manner with local business and industry, non-governmental and community organisations towards sustainable energy development.

A separate MOU will be concluded with the Western Cape Government in order to facilitate their independence when dealing with procurement matters. The Premier, Alan Winde, shares our excitement and is in full support of this initiative.

You can trust that we will be keeping you informed throughout this process to ensure transparency. Thank you so much for the incredible interest and positive feedback on this announcement. It is nice to know our residents support us!

**Budget and IDP**

It is budget time again! At the end of March, I presented the draft budget for the next financial year (1 July 2021 to 30 June 2022) to Council. We have to tighten our belts a lot this year and every cent will be considered and debated so that we can make sure it is spent in the best interest of our residents. All our grants and funding from National and Provincial sources have been cut with 30% and this has a

Juis daarom is vanjaar se openbare deelname proses so belangrik en moet u asseblief deelneem. Al die insette wat ons ontvang sal saamgevat word in die Geïntegreerde Ontwikkelingsprogram (GOP of IDP soos almal dit ken) wat sal bepaal hoe ons die begroting sal aanwend. As 'n projek nie deel is van die GOP nie, kan ons nie daaraan aandag gee nie. Hou tog asseblief ons webblad, die pers asook ons sosiale media platforms dop vir besonderhede oor presies hoe die openbare deelname proses sal geskied. COVID-19 reëls en regulasies geld steeds en daarom sal dit steeds 'n aangepaste formaat wees. Indien u enige vrae het, kan u die GOP-kantore skakel en met Mnr Gurswin Cain praat. Sy nommer is 021 808 8174 of stuur 'n e-pos aan Gurswin.Cain@stellenbosch.gov.za.

**Jonkershoekbrand**

Aan die einde van Februarie was daar 'n reuse brand in die berge rondom Jonkershoek en Banhoek. Die brand het ontstaan in die Theewaterskloof Munisipaliteit en het later oorgekom na ons kant van die berg. Meer as 13 000 hektaar fynbos het in die slag gebly en dit het vir meer as 'n week gewoed. As gevolg van die wonderlike hulp van Provinsie en die Distriksmunisipaliteit is geen eiendom of menselewens verloor nie. Die naweek wat die brand krisispunt bereik het, het ons 'n beroep op ons inwoners gedoen om bystand te lewer aan al die brandbestryders deur die skenking van noodvoorraad soos water, energiedrankies, energiestafies ensovoorts. Binne 'n kwessie van 'n paar uur was ons stoorplek by die brandweerstasie van hoek tot kant vol! Ons was totaal oorweldig deur die vinnige en vrygewige optrede. Ek wil net weereens baie dankie sê aan al die inwoners wat so vinnig ingespring het om te help. U sal nooit weet hoe fantasties dit is om soveel meelewing te kan ervaar nie.

Baie, baie dankie ook aan al die brandbestryders wat so hard gewerk het om die brand onder beheer te bring en te blus. Die werk wat u doen, verg ware heldemoed en u toewyding tot die beskerming van ander is 'n riem onder die hart vir almal wat op u staatmaak.

**OVK**

Vanjaar vind die vyfjaarlikse plaaslike regeringsverkiesings weer plaas. Dit beteken dat daar gestem gaan word vir nuwe raadslede vir alle munisipaliteite in Suid-Afrika. Ten tye van die skrywe, was die verkiesingsdatum nog nie bekend nie, maar ons weet dit sal binne 90 dae van die vorige plaaslike regeringsverkiesing se datum wees. Die wet bepaal dat die President die datum afkondig. Ons verwag die verkiesing so by Oktober 2021 se kant. Wat u as inwoner asseblief moet doen, is om solank u registrasiestatus te verseker. Omdat dit 'n plaaslike regeringsverkiesing is, kan u SLEGS stem in die wyk waar u woon. Daarom moet elke inwoner seker maak dat hulle in die regte wyk geregistreer is. Indien u onlangs getrek het van 'n ander dorp of selfs net binne dieselfde dorp, moet u herregistreer by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK).

significant impact on our projects and infrastructure improvements.

That is exactly why the public participation process is so important and why you should participate. All the inputs received are combined into the Integrated Development Plan (IDP) that will determine how we will apply the budget. If the project does not appear on the IDP, we cannot give attention to it. Please keep an eye on our website, the media as well as on our social media platforms for details about how the public participation process will take place. COVID-19 regulations are still applicable and it will therefore still take place in an adjusted format. If you have any questions, you are more than welcome to contact or IPD-office and speak to Mr. Gurswin Cain on 021 808 8174 or send an email to Gurswin.Cain@stellenbosch.gov.za.

**Jonkershoek Fire**

At the end of February we experienced a massive fire in the mountains surrounding Jonkershoek and Banhoek. The fire started in the Theewaterskloof Municipality and later moved into our area of the mountains. More than 13 000 hectares of fynbos were destroyed and the fire raged for more than a week. Because of the wonderful work of our fire fighters, together with crews from the District Municipality as well as the Provincial Government, no properties or human lives were lost. When the fire reached a crisis point, we called on our residents to provide assistance to the fire fighters by donating emergency supplies like water, energy drinks, power bars etc. Within mere hours, our storage facility at the fire station was filled to capacity! We were totally overwhelmed by your fast and generous actions. I want to say thank you to all our residents who stepped up and rendered aid so quickly. You cannot imagine what it means to see an outpouring of so much empathy and care.

Our heartfelt and sincere gratitude also goes out to the fire fighters who worked so very hard to bring the fires under control. The work you do requires an immense amount of courage and dedication. It is a comfort to know that we can rely on you.

**IEC**

The Local Government Elections will take place later this year. These elections happen every 5 years and it means that all the municipalities in the country will vote for new councillors. At the time of writing this, the election date has not yet been announced, but we expect it to be within 90 days from the date of the previous local government election. Legislation determines that the President must announce the date. We expect that the date will be somewhere in October 2021. In the meantime, as resident, you can ensure your registration status. Because it is a Local Government Election, you will ONLY be allowed to vote in the ward where you live. That is why every resident must ensure that they are correctly registered in the Ward they live in. If you moved recently

Om u inligting of registrasie na te gaan is baie maklik. Stuur eenvoudig 'n SMS met u ID-nommer na 32810 of gaan na die OVK se webblad by www.elections.org.za. Indien u registrasie moet verander na 'n nuwe adres, kan u die naaste OVK-kantore besoek of die plaaslike kantoor skakel by 021 882 9054 .

**50 Jaar se vonkel**

Het u geweet dat die eerste vonkelwyn in Suid-Afrika hier in die Stellenbosch-streek geproduseer is? Vanjaar is vonkelwyn in Suid-Afrika of soos dit bekend staan, Cap Classique, 50 jaar oud. Ons mag dit natuurlik nie Sjampanje noem nie, want net as dit in die Champagne streek in Frankryk geproduseer is, volgens ŉ spesifieke metode en met spesifieke soorte druiwe, mag ons dit sjampanje noem. Ons vonkelwyn het begin by die Simonsig landgoed in 1971 en vandag is dit een van ons vele trots Suid-Afrikaanse handelsmerke wat ons plaaslike wynbedryf internasionaal verteenwoordig. Sedert die eerste egte vonkelwyn hier in 1971 geproduseer is, het dit uitgebrei tot meer as 200 produsente regoor Suid-Afrika. Baie geluk aan al ons produsente met hierdie suksesstorie. Baie geleenthede en feesvieringe sal baie armer wees sonder ŉ glasie vonkelwyn.

Ek hoop u geniet ook die koeler weer die tyd van die jaar. Ek hoop ons kry weer 'n lekker reën seisoen en het ek reeds al my huisie se geute skoon gemaak. Na die erge droogtes sal ek nooit weer kla oor reën nie. Meld asseblief verstopte stormwaterdreine en -aflope by ons *Let's Fix It WhatsApp* nommer (076 9510768) aan sodat ons enige oorstromings kan vermy. Maak ook asseblief betyds u eie geute en afleivore skoon.

Ons Moslem inwoners vier vanaf 13 April weer die Maand van Ramadan. Namens die Raad en Administrasie wens ons u 'n geseënde en verrykende tyd toe. Mag die tyd vir u ook geestelike vervulling bring.

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

from another town of even within the same town, please reregister at the Independent Electoral Commission (IEC).
It is very easy to check your registration. Just send a SMS with your ID number to 32810 or go to the IEC's webpage at www.elections.org.za. If you have to change your registration to your new address, you can visit your nearest IEC office or call our local office on 021 882 9054.

**50 years of sparkle**

Did you know that the first sparkling wine in South Africa was produced in the Stellenbosch Region? This year sparkling wine, or Methode Cap Classique (MCC) as it is known, celebrates 50 years in South Africa. We are off course not allowed to call it Champagne, because only wine produced form certain grapes in the French region of Champagne may be called Champagne. Our MCC journey started at Simonsig in 1971 and today it is one of many proudly South African trade marks representing the wine industry locally and internationally. Since the first MCC was produced here in 1971, it has spread to more than 200 produces across South Africa. Congratulations to all our produces for this success story. Many an occasion will not be the same without 'n glass of bubbly!

I hope you are enjoying this cooler time of year. I also how that we have another decent rainy season and in anticipation, I already cleared all the gutters around my house. I will never complain about rain again, when I think back on the terrible drought w had to endure. Please report blocked storm water drains and runoffs to our *Let's Fix It* WhatsApp line (076 9510768) so that we can avoid any localised flooding. Please also tend to the gutters and runoffs on your own property.

Our Muslim residents will commence with the Month of Ramadan on 13 April. On behalf of the Council and Administration, may this be a blessed and enriching time. May it also bring spiritual fulfilment to you and your family.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*